

Saterdag 24 Desember

Skrifgedeelte: Romeine 8:18-30 (1983-vertaling)

Fokusgedeelte: Romeine 8:24

Nie meer lank nie, dan sien ons dit

Hoop het 'n geheim: dit kan nie sy doel dien as daar nie iets is wat weggesteek is nie. Die oomblik wat jy duidelik kan sien wat weggesteek is, verdwyn die hoop. Dan is dit nie meer nodig nie, en die spanning is gebreek.

In hierdie gedeelte skryf Paulus oor die spanning wat daar in die skepping is: Wanneer gaan die stukkendheid wat by die sondeval begin het, dan nou ophou? Wanneer gaan daar niks meer siekte en ongelukke en hartseer en onregverdigheid en boosheid rondom ons wees nie?

O, dit kom! Dis vir seker oppad – ons kan dit nog net nie sien nie! Ons, as vrygespreekte kinders van God, skryf Paulus in hierdie gedeelte, staan saam met die skepping met ingehoue asem en gespanne verwagting en kyk of ons nie dalk die eerste tekens hiervan kan sien nie. Dit sal immers die oomblik wees wat die nuwe heerlijkheid saam met God vir ons (en die hele skepping) uiteindelik aanbreek.

Dit is nie maar net 'n vae hoop wat ons het nie: dit is 'n onbetwiste, vaste sekerheid waarvoor ons Here Jesus Self gesorg het – Hy wat in die volheid van die tyd hiervoor mens geword het. Ons weet Hy is besig om alles vir hierdie heerlijkheid finaal gereed te maak.

Dit maak ons nie moedeloos om nog te moet wag nie. Ons weet dat dit wat ons Here Jesus gedoen het en steeds doen, nie gekeer kan word nie. Die ewige heerlijkheid saam met God kan nou enige tyd aanbreek. Dit maak ons opgewonde, want ons het hoop: die vaste hoop wat ons Here Jesus gee.

So dien die hoop nog sy doel om ons in afwagting en volharding te laat fokus. Ons kan dit nog nie sien nie, maar nie meer vir lank nie. Die dag kom wanneer hierdie spanning finaal gebreek sal word!

Sing: Psalm 31:1, 5, 15, 19 (1936)

Dr. EJ (Rassie) Smit (Wapadrant)